SAKE 24 (Beeld), Naweek
Saturday, 10 October 2009, p. 17

Motorkapings bied ook sake-geleentheid vir eerlikes

Tegniese siening
Shaun van den Berg

Motorkaping is 'n groot probleem in Suid-Afrika en ons kry nou selfs padtekens wat gevaarsones uitwys waar kapings voorkom.

Kapings gaan gewoonlik met die rig van 'n vuurwapen gepaard om só die bestuurder uit die motor te verwyder met die doel om dit te steel.

Volgens statistieke wat pas deur die SA Polisiediens bekend gemaak is, was daar verlede jaar 14 915 aangemelde motorkapings, terwyl die aantal kapings van April 2003 tot Maart 2009 met 8,1% toegeneem het. Daar was terselfdertyd 'n afname van 13,8% in die aantal gesteelde motors.

Volgens die AA kan die toename in motorkapings toegeskryf word aan die toenemende gebruik van immobiliseerders in motors wat deur versekeringsmaatskappye vereis word om motordiefstal teen te werk. Dit maak dit byna onmoontlik om 'n motor te steel sonder 'n vuurwapen en die motor moet aangeskakel wees.

Tans is daar vier groot nasporing- en herwinningsmaatskappye in Suid-Afrika – Tracker, Matrix, Ctrack en Netstar. Beleggers wat glo dat die misdaadsituasie in Suid-Afrika nie sommer opgelos gaan word nie, kan hierdie aandele vir interessantheid dophou. Verdere navorsing word egter aanbeveel voordat 'n transaksie oorweeg word.

Tracker is 'n private maatskappy wat gesamentlik deur FirstRand, VenFin en die Mineworkers' Investment Company besit word. Tracker het reeds meer gesteelde en gekaapte motors teruggevind as enige ander maatskappy ter wêreld met sy eie toegewyde radio-satellietnetwerk en sowat 1 100 voertuie en 42 vliegtuie in sy herwinningsarsenaal.

Mix Telematics (Mixtel) besit Matrix, wat die voorste GSM-opsporing- en herwinningsdiensverskaffer in Suid-Afrika is. Sy aandeelprys is tans bo sy bewegende gemiddelde met die tendens wat bulagtig voorkom. Dit toets tans weerstandsvlakke by 99c met ondersteuning wat by 80c gevind sal word.



DigiCore Group besit Ctrack, wat met 'n bewegende prys-verdienste-veelvoud van 9,9 relatief goedkoop voorkom.

Die aandeel verhandel egter onder sy bewegende gemiddelde met die tendens wat afwaarts neig. Ondersteuning is by 335c moontlik.

Altech Group besit Netstar, wat meer as 470 000 voertuie op sy boeke het. Die groep het 'n diverse, sterk portefeulje van sake-ondernemings wat tradisioneel 'n stewige opbrengs op ekwiteit lewer. Hiermee saam het die groep 'n sterk balansstaat, 'n geskiedenis van goeie kontantgenerering en verreweg die grootste deel van sy inkomste is herhalend van aard.

Sy aandele verhandel tans teen 'n bewegende prys-verdienste-veelvoud van 11,8 en 'n prys-netto batewaarde-verhouding van 2,9, wat 'n billike waarde op die aandeel plaas.

Dit word ook deur 'n stewige dividend-opbrengs van 4,6% ondersteun.

Tegnies verhandel die aandeel bo sy bewegende gemiddelde met die tendens wat bulagtig voorkom. Belangstellende beleggers behoort egter te wag vir winsneming om die aandeelprys tot sy horisontale ondersteuningsvlak terug te bring, soos op die bygaande grafiek aangedui word.

■ *Van den Berg is hoof- tegniese ontleder van PSG Online.*